PROF. DR. K. J. POPMA, *Inleiding in de Wijsbegeerte*, J. H. Kok N.V., Kampen, 1956, 149pp.

Prof. Popma is 'n baie vrugbare en ook bekwame skrywer; 'n mens moet ook eerbied hê vir die groot terrein wat sy werke dek. Hy het egter een fout: hy is so eksklusief 'n aanhanger van die Neo-Calvinisme dat hy waardering vir niks anders kan hê nie.

Dieselfde swakheid kenmerk ook sy „Inleiding in die Wijsbegeerte." As hierdie werk 'n inleiding in enigiets is, is dit 'n inleiding in die wysbegeerte van die wetsidee, want sy indeling, terminologie, metode, alles

is dié van die wysbegeerte van die wetsidee. Hy wil egter 'n inleiding in die wysbegeerte as sodanig gee. Die resultaat is 'n boek wat 'n gewone normale student maar liewer links moet laat lê as hy 'n inleiding in die wysbegeerte wil hê. Gevorderde studente wat met die wysbegeerte van die wetsidee wil kennis maak, kan egter hierdie boek gerus lees.

Prof. Popma skryf 'n „Inleiding in de Wijsbegeerte" wat ek nie anders kan as om dit eerder 'n inleiding in die wysbegeerte van die wetsidee te noem nie. Is ek geregverdig om hieruit af te lei dat wysbegeerte vir die skrywer gelyk is aan wysbegeerte van die wetsidee? Wat nie wysbegeerte van die wetsidee is nie, sou dan geen wysbegeerte wees nie? Arme Plato, Aristoteles, Kant . . .!

P. S. DREYER.

*　　*